higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

13 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
3. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Laat 'n spasie en trek 'n streep oor die bladsy nadat elke vraag voltooi is.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Kies die korrekte stelling. Substantiewe reg bestaan uit:

A regsreëls
B interne reëls
C morele en etiese reëls
D A, B en C

1.2 Kies die korrekte stelling:

A Besit en gebruik van dwelms is nie afsonderlike misdrywe nie.
B Gevangenisstraf is die enigste straf vir die gebruik van dwelms.
C Opset is een van die elemente van dwelmhandel.
D Al die bostaande.

1.3 Kies die korrekte stelling:

A Huisbraak alleen is nie 'n misdryf/misdaad nie.
B Inbraak beteken die verwydering van 'n belemmering/obstruksie tot toegang.
C Om 'n gordyn te beweeg kom neer op betreding van 'n huis.
D A & B

1.4 Kies die korrekte stelling:

A 'n Handeling van instemmende seksuele penetrasie deur 'n volwassene met 'n kind tussen 12 en 16 jaar is 'n misdryf/misdaad.
B 'n Persoon onder die ouderdom van 12 is in staat om toestemming te gee.
C Openbare onsedelikheid kan ook op 'n private plek gebeur.
D Al die bostaande.

1.5 Kies die korrekte stelling:

A Die hof mag nie die feit in ag neem dat iemand 'n eerste oortreder is nie.
B 'n Minimum vonnis vir moord is 10 jaar.
C Die doodsvonnis is ongrondwetlik.
D Nie een van die bostaande nie.

1.6 Kies die korrekte stelling:

A 'n Norm word gebruik om aanvaarbare gedrag te beoordeel.
B 'n Norm moet deur 'n groep of die samelewing nagevolg word.
C 'n Norm dui aan wat behoort te gebeur indien dit nie nagekom word nie.
D Al die bostaande.

Kopiereg voorbehou

1.7 Kies die korrekte stelling:

A 'n Provinsiale wet is nie 'n statuut nie.
B Die Grondwet is 'n gemeenregtelike bron van strafreg.
C 'n Munisipale regulasie is 'n statuut.
D A en C.

1.8 Kies die korrekte stelling:

A 'n Weglating ('Omission') kan as 'n misdryf gestraf word.
B Wederregtelike optrede/gedrag alleen is voldoende om aan 'n oortreding/misdryf skuldig te wees.
C Regverdigingsgronde is nie 'n verskoning vir wederregtelikheid nie.
D Nie een van die bostaande nie.

1.9 Kies die korrekte stelling:

A Oogmerkopset ('Direct intention') beteken dat 'n persoon nie ten doel het om 'n wederregtelike gevolg teweeg te bring nie.
B Nalatigheid is 'n ander vorm van skuldigheid/strafbaarheid.
C Die standaardvorm van nalatigheid is dieselfde as dié van opset.
D B en C.

1.10 Kies die korrekte stelling:

A Instemming tot aanranding is 'n regverdigingsgrond.
B Een van die elemente van aanranding is nalatigheid.
C 'n Persoon wat dreig om iemand anders aan te rand kan skuldig wees aan poging tot aanranding.
D A, B en C.

(10 × 1) **[10]**

NCV

VRAAG 2

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n woord/item in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Gemenereg	A	dit beteken die optrede van die beskuldigde wat die oorsaak van die gevolg
2.2	Veroorsaking	B	wanneer minstens twee mense ooreenkom om 'n misdaad te pleeg
2.3	Straf	C	die stel basiese wette en beginsels waarvolgens 'n land regeer word
2.4	Regsmiddel/remedie	D	'n wet of stel wette wat deur 'n gemagtigde persoon of regsgesag, soos die parlement, uitgevaardig word
2.5	Wetgewing	E	'n onwettige handeling, of misdryf
2.6	Sameswering	F	wanneer een persoon 'n ander persoon aanmoedig om 'n misdaad te pleeg
2.7	Aanstigting	G	'n versameling regsreëls wat met verloop van tyd ontwikkel het uit gebruike van ouer regstelsels en beslissings van regters
2.8	Grondwet	H	die oplossing wat die reg vir 'n probleem bied
2.9	Waardigheid	I	iets wat gedoen word om iemand te laat ly omdat hulle die wet oortree het
2.10	Oortreding	J	dit sluit selfrespek en gemoedsrus in

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3(a)–(e)) in die ANTWOORDBOEK neer.

baie vinnig; redelike; statute; onregmatige; openbare menings; gedrag; bestuur; aanvaller; verly ('executed'); regtens

Ons reg erken dat 'n mens se (a) ... in noodweer *geregverdig* en derhalwe *regmatig* is wanneer jy, in antwoord op 'n (b) ... dreigende aanval of aanval wat reeds op 'n (c) ... beskermde belang begin het, jou toevlug neem tot die gebruik van noodsaaklike en (d) ... krag teen die (e) ...

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Feitelike veroorsaking vra of die gedrag van die beskuldigde die misdaad veroorsaak het.

4.2 Strafreg hou verband met misdade wat teen individue, die samelewing, die regspleging of die staat gepleeg word.

4.3 Alle misdade wat buite Suid-Afrika gepleeg word, is nie strafbaar nie.

4.4 Prosesreg word in formele reg en strafreg verdeel.

4.5 Spontane agentskap is wanneer ek handel om my eie belange te beskerm.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

NCV

AFDELING B

VRAAG 5

Gee die vereistes wat nagekom moet word sodat onmoontlikwording 'n regverdigingsgrond kan wees vir 'n versuim om op te tree: **[10]**

VRAAG 6

6.1 Bespreek die verweer van geestesongesteldheid. (10)

6.2 Noem die elemente van openbare onsedelikheid. (5)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 Verduidelik wat 'n *mededader* is. (10)

7.2 Omskryf *toegerekende opset*. (6)

7.3 Verduidelik 'handeldryf in' soos dit met dwelms verband hou. (9)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 8

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Corné het na die polisiekantoor gegaan om 'n klag van huishoudelike geweld teen haar eggenoot, Mzwakhe, in te dien. Mzwakhe het by die polisiekantoor aangehardloop gekom. Sonder om 'n woord te sê het hy sy vrou in die teenwoordigheid van sersant Moloi met 'n knopkierie geslaan. Sy het geval en gesterf.

8.1 Het sersant Moloi 'n plig gehad om te handel of nie? Staaf jou antwoord. (10)

8.2 Op die aanklag van moord voer Mzwakhe aan dat hy dronk was en nie geweet het wat hy doen nie. Gee Mzwakhe regsadvies. (10)
[20]

OF

VRAAG 9

Lees die volgende uittreksel uit 'n koerant en beantwoord die vrae.

Moord

Ongeveer 50 mense word daagliks in Suid-Afrika vermoor. Die moordsyfer het gedurende die afgelope 40 jaar geweldig toegeneem.
'Hoe gevaarlik is Suid-Afrika?' BBC News 17 Mei 2010.

9.1 Gee die elemente van moord. (4)

9.2 Na aanleiding van die bostaande het burgers die reg op lewe, en kan hulle hulself verdedig wanneer hulle aangeval word.

Noem drie situasies waarin noodweer as 'n regverdigingsgrond toegepas kan word. (6)

9.3 Bespreek wederregtelikheid as 'n element van moord as misdaad. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

NCV